




NWT: ONDERWERP 8
Die verwerking van Materiale
WEEK 8: 8 Junie 2020

Graad 5

ONDERWERP 8

Die verwerking van materiale

Handboek p.85 - 94



Kom ons toets wat jy reeds oor die verwerking van materiale weet?

Miskien kan jy en mamma 'n lekker KOEK bak om te dink oor hierdie vragies!!!

1. Bestudeer die grondstowwe wat ons meng om 'n koek te bak.

- Dink aan 'n lys van bestanddele? (prent A)
- Hoe lyk / voel die deeg as dit gemeng is?
- Wat verander die deeg na 'n koek?
- Watter bestanddeel laat die koek meer rys as die deeg?

EENHEID 1 : KOMBINEER MATERIALE

- Ons **kombineer** materiale wanneer ons hulle op 'n sekere manier saamvoeg.
- Ons gaan na die eienskappe van grondstowwe kyk.
- As jy van die produkte tuis wil maak, sal jy jou **sintuie kan gebruik om te ruik, proe, sien en te voel.**
- Ons gaan die materiale verwerk en nuwe **produkte** maak.



**Kartonbokse word uit
dennebome gemaak.**



**Perskes word verwerk deur dit in stroop
te kook, sodat ons dit regdeur die jaar
ingemaakte perskes kan eet.**

1. MENG en STOL

Soms meng ons materiale wat verhard nadat hulle gemeng is. Dan sê ons hul **STOL**.

SEMENT is 'n voorbeeld van so 'n materiaal. Wanneer **SEMENT** met water **gemeng** word, is dit loperig, maar raak hard wanneer die **STOL**.



SILO'S



KRAGSTASIE

Wanneer ons **sand, gruis en sement met water meng**, kombineer die materiale en **STOL** dit tot 'n baie sterk materiaal, naamlik **BETON**.



DAMWAL



BRUG

GIPS is 'n baie nuttige materiaal. Dit is 'n **wit, poeieragtige stof** wat in 'n sagte, **vormbare pasta** verander as dit met **water gemeng** word. Wanneer die mengsel **STOL**, word dit baie hard en sterk.



GIPS



2. MENG 'n vaste stof en 'n vloeistof tot 'n pasta

As ons 'n bietjie **water** met 'n **vaste stof** **MENG**, kry ons 'n **pasta**. Wanneer 'n bietjie water met meel **gemeng** word, raak dit 'n taai pasta wat as **GOM** gebruik kan word.

NOU GAAN JY JOU EIE GOM MAAK en 'n paar van jou gunsteling kossoorte op 'n A4, wit papier plak!

Gaan na jou **NWT Handboek** en blaai na p.88, **AKTIWITEIT 2** en voltooi skriftelik op 'n lyntjies papier no.1 tot 7 nadat jy jou gommengsel gemaak het.

KYK na die video: <https://www.youtube.com/watch?v=1NVhxc123jE>



MEEL en HOUER



KOERANTPAPIER



WATER



'n Mooi PRENT